van Avraham en volgens die belofte erfgename.

Ghalasiërs 4:1 Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy meester van alles; 2 maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. 3 So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. 4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het Elohiem sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die Torah, 5 om die wat onder die Torah was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. 6 En omdat julle kinders is, het Elohiem die Gees van sy Seun ons julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! 7 Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam deur Elohiem. 8 Maar destyds, toe julle Elohiem nie geken het nie, het julle diegene gedien wat van nature geen magtiges is nie; 9 maar nou dat julle Elohiem ken, of liewer deur Elohiem geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? 10 Julle neem dae en maande en tye en jare waar.[1] 11 Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het. 12 Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; 13 maar julle weet dat ek ten gevolge van swakheid van die vlees die eerste keer die goeie nuus aan julle verkondig het; 14 en julle het julle beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n boodskapper van Elohiem, ja, as die Messias Yahshua. 15 Wat was dan julle seënwens? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het. 16 Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel? 17 Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitesluit, sodat julle vir hulle kan ywer. 18 Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie, 19 my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat die Messias in julle 'n gestalte ontvang. 20 En ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander, want ek is buite raad met julle. 21 Julle wat onder die Torah wil wees, sê vir my, luister julle nie na die Torah nie? 22 Want daar is geskryf dat Avraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. 23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. 24 Dit is tekens, want daardie vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar – dit is Haghar; 25 want Haghar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Yerushalayiem en is met haar kinders saam in slawerny. 26 Maar Yerushalayiem daarbo is vry; en dit is ons moeder. 27 Want daar is geskryf: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.[2] 28 Maar julle, broers, is soos Yietsgak, kinders van die belofte; 29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. 30 Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.[3] 31 Daarom, broers, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye.

Ghalasiërs 5:1 Staan dan vas in die vryheid waarmee die Messias ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. 2 Kyk, ek, Shaúl, sê vir julle dat as julle jul laat besny, die Messias vir julle tot geen nut sal wees nie. 3 En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele Torah te onderhou. 4 Julle wat geregverdig wil wees

[1] 4:10 Hierdie "dae en maande en tye" moet nie met die Skriftuurlike feestye verwar word nie. Dit gaan hier oor heidense praktyke – dinge wat hulle voorheen gedoen het toe hulle Elohiem nog nie geken het nie (4:8) en die swakke en armoedige eerste beginsels gedien het (4:9). Daar word ook in Devariem 18:10 gewaarsku teen die heidense praktyk van die "noukeurige waarneem van tye".

[2] 4:27 Vgl. YeshaYahu 54:1

[3] 4:30 Vgl. Bereshiet 21:10